# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**FEBRUARIE / MAART**

**2007**

**BYBELKUNDE**

**HG**

BYBELKUNDE HG

501 1 0A HG

**501-1/0 A**

7 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

## GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**BYBELKUNDE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

---

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vrae 1.1 tot 1.20 is kortvrae. Skryf die nommer van elke vraag (asook die nommers van die onderafdelings) in jou **antwoordboek** neer en skryf jou antwoord langs elke vraagnommer neer.

1.1 Elkeen van die volgende versgedeeltes of frases dui op 'n besondere kenmerk van een van die evangelies. Identifiseer in elke geval die spesifieke evangelie en watter kenmerk dit is.

1.1.1 "Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het."

1.1.2 "In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God."

1.1.3 "Al die mense het Hom probeer aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan het en Hy almal gesond gemaak het."

1.1.4 "Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop ..." 4x2= (8)

1.2 Waarom word die eerste drie Evangelies Sinoptiese Evangelies genoem? 2x2= (4)

1.3 Noem DRIE individue aan wie Paulus briewe geskryf het. 3x2= (6)

1.4 Waar was Paulus toe hy die brief aan die Filippense geskryf het? (2)

1.5 Aan wie het Jakobus sy brief gerig? (2)

1.6 Hoeveel algemene briewe is daar in die Nuwe Testament? (2)

1.7 Wie het 'n brief aan Gajus geskryf? (2)

1.8 Watter algemene brief in die Nuwe Testament bevat apokriewe verwysings en aanhalings? (2)

1.9 Verduidelik kortliks die onderstaande apokaliptiese simbole wat in die boek Openbaring voorkom:

1.9.1 Leeu
1.9.2 Lang kleed
1.9.3 Getal drie
1.9.4 Kleur wit 4x2= (8)

1.10 Verduidelik die verskil tussen **algemene openbaring** en **besondere openbaring**. 2x2= (4)

1.11 Wie het gesê: "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook"? (2)

1.12 Gee die trappe/stappe van Jesus Christus se verhoging. 4x2= (8)

1.13 Hoeveel dae was Jesus op aarde na Sy opstanding tot en met Sy hemelvaart? (2)

1.14 Watter VIER beloftes is met Jesus se hemelvaart vervul? 4x2= (8)

1.15 Wat is die verskil tussen die **triomferende kerk** en die **militante kerk**? 2x2= (4)

1.16 Wat is 'n **sakrament**? (2)

1.17 Wat is die Bybelse begrip van **sonde**? (2)

1.18 Gee die betekenis van elkeen van die volgende name vir God:

1.18.1 Elohim
1.18.2 Adonai 2x2= (4)

1.19 Watter van die Tien Gebooie word oortree as

1.19.1 daar geglo word dat die getal 13 'n ongelukkige getal is?
1.19.2 iemand 'n ander persoon se eiendom beskadig?
1.19.3 daar tyd gemors word wanneer daar gewerk behoort te word? 3x2= (6)

1.20 Wie help 'n Christen wanneer hy/sy nie weet wat of hoe om te bid nie? (2)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

## AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 2

2.1 "Wanneer die Evangelie volgens Matteus gelees word, is dit opvallend dat dit vir Joodse lesers bedoel is."
Bespreek die outeurskap van die Matteus-evangelie deur te verwys na bostaande stelling. (16)

2.2 Gee 'n kort uiteensetting van die vorm van Paulus se briewe. (16)

2.3 Bespreek die verhouding tussen Paulus en die gemeente in Filippi, met spesiale verwysing na Filippense 1:3 – 5.

"Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink. In al my gebede bid ek altyd met blydskap vir julle almal, omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie." (24)

2.4 Petrus het in sy Tweede Algemene Brief Christene gewaarsku teen die valse leerstellings dat Christus se wederkoms nie gaan plaasvind nie. Verduidelik die valse argumente teen die verwagte wederkoms en Petrus se antwoorde. (24)
**[80]**

### VRAAG 3

3.1 Bespreek die verskille tussen die Sinoptiese Evangelies en die Evangelie volgens Johannes. (30)

3.2 In Paulus se brief aan die Filippense skryf hy:

"Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid. Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!" (Filippense 3:1 – 2).

Bespreek die skielike verandering in die stemming van Paulus se brief en verduidelik wie die mense is wat die "besnydenis" verkondig. (14)

3.3 Verduidelik hoe die Algemene Brief van Jakobus die praktiese toepassing gee oor hoe om 'n Christen te wees in die moderne wêreld van vandag. (20)

3.4 Die Algemene Brief van Judas begin so: "Van Judas 'n dienaar van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus."

Wie was hierdie Judas wat dié brief geskryf het? (16)
**[80]**

## VRAAG 4

4.1 Gee voorbeelde uit die Evangelie volgens Markus wat bewys dat die outeur in fyn besonderhede skryf asof hy 'n ooggetuie was. (14)

4.2 Watter van Paulus se briewe het hy geskryf terwyl hy in 'n tronk was? Gee ook een hooftema van elke brief. (16)

4.3 Daar is meningsverskille oor wie die outeur was van die Tweede Brief van Petrus. Gee jou mening oor die bestaande argumente ter ondersteuning van jou antwoord. (20)

4.4 Skryf aantekeninge oor Jesus Christus se soewereiniteit oor Sy kerk op aarde aan die hand van die boek Openbaring, hoofstukke 1 – 3. (30)

**[80]**

## VRAAG 5

5.1 Bespreek die besondere taal- en stylgebruik in die Evangelie volgens Markus. (16)

5.2 Verduidelik waarom daar gesê word dat die Evangelie volgens Matteus sistematies en metodies geskryf is. (18)

5.3 Verduidelik die verskillende begrippe waaroor Johannes in sy Eerste Algemene Brief skryf. (22)

5.4 Bespreek die bewyse wat daarop dui dat die apostel Johannes die boek Openbaring geskryf het. (24)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [160]**

# AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

## VRAAG 6

6.1 Verduidelik hoe kennis en vertroue belangrike elemente van ware geloof is. (12)

6.2 Skryf kort aantekeninge oor die verskil tussen die begrip **God as Vader** in die Ou Testament, die Nuwe Testament en vir die Christen. (16)

6.3 Bespreek Jesus Christus se lyding en kruisiging. (28)

6.4 Wat word verstaan onder die begrip dat die Heilige Gees die Christen se **Trooster en Leermeester** is? (12)

6.5 Die derde gebod, "Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie", verbied die verkeerde gebruik van God se Heilige Naam. Verduidelik wat dit beteken. (12)

**[80]**

## VRAAG 7

7.1 Hoe openbaar God Hom aan gelowiges deur die Skrif? (14)

7.2 Verduidelik kortliks wat onder die **Goddelike eienskappe** van die Heilige Gees verstaan word. (14)

7.3 Bespreek die doel van die Wet vir Christene onder die nuwe bedeling wat Jesus bewerk het. (22)

7.4 7.4.1 Gee redes waarom God die vyfde gebod aan Christene gegee het. (10)
7.4.2 Waarom het gehoorsaamheid tog ook perke? (4)
7.4.3 Verduidelik die beloning vir gehoorsaamheid. (6)

7.5 Verduidelik waarom die Christen bid in die Naam van Jesus en wat dit vir die Christen beteken om so te bid. (10)
**[80]**

## VRAAG 8

8.1 Gee 'n volledige uiteensetting van wat bedoel word met die stelling: "Die een algemene kerk waarvan Christus die Hoof is". (28)

8.2 Lees die volgende inligting in verband met die Khulisa-program:

> "Binne die raamwerk van regstellende geregtigheid en onder leiding van Khulisa-fasiliteerders word slagoffers en hul aanvallers nou vir die eerste keer bymekaar gebring.
>
> Deur in die openbaar om verskoning te vra en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul dade, gee voormalige oortreders 'n belangrike tree om hulle weer deel van die gemeenskap te maak en 'n produktiewe bydrae te lewer."
>
> ***Beeld* 21/02/2003**

Bespreek hierdie Khulisa-program as 'n daad wat spreek van liefde teenoor jou naaste, gegewe dít wat die Bybel ons leer oor sondebesef, verandering van hart en vergifnis. (12)

8.3 Bespreek die Christelike opvatting oor die opstanding uit die dood en die ewige lewe. (18)

8.4 Skryf aantekeninge oor die **eerste drie** bedes van die Ons Vader-gebed. (22)
**[80]**

## VRAAG 9

9.1 Bespreek die betekenis en implikasies van die name **Jesus** en **Here**. (16)

9.2 Beskryf God die Vader se verhouding teenoor die mens, met besondere verwysing na die volgende:

9.2.1 Wat is 'n Bybelse verbond? (8)
9.2.2 Die natuurverbond (6)
9.2.3 Die genadeverbond (6)

9.3 "Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, die plek van slawerny bevry het." Hierdie inleiding plaas die Tien Gebooie binne die omstandighede waarin hulle gegee is. Bespreek die inleiding volledig. (12)

9.4 Die Fariseërs wou Jesus met 'n vraag probeer vastrek sodat hulle dit teen Hom kon gebruik. Daarom het hulle Hom gevra watter een van die Gebooie die belangrikste is. Wat was Jesus se antwoord? (8)

9.5 Bespreek die **laaste drie** bedes van die Ons Vader-gebed. (24)
**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [160]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**